

Saterdag 30 Desember

Skrifgedeelte: Daniël 7:9-27

Fokusgedeelte: Daniël 7:13, 14; Matteus 28:18-20

Die Seun van die mens regeer!

Daniël sien vier verskriklike en angswekkende diere in hierdie gesig. Die vierde dier was buitengewoon skrikwekkend. Hierdie dier versinnebeeld die wêreldryke van die laaste dae wat in opstand is teen God.

Ons leef in die laaste dae – tussen hemelvaart en weder-koms. Daarom sien ons met ons eie oë die ryke van die wêreld se ongekende opstand teen die Almagtige en sy Woord. In die nuus hoor en sien ons 'n wêreld wat sidder onder die woede van Satan. Soos die jare verbygaan, sal hierdie opstand al hoe erger word. Dit kan 'n mens wanhopig maak.

Daniël sien egter in hierdie gesig ook iets anders. Hy sien Iemand soos 'n Menseseun aan Wie heerskappy gegee is sodat die hele aarde Hom sou dien. Daarom is dit nie vreemd dat die Here Jesus Homself die Seun van die mens noem nie.

Ons het dit pas herdenk dat Hy uit 'n vrou gebore is. Hy is die Seun van God, maar Hy is ook waarlik mens. Daarom kon Hy God se toorn dra en daa-rom kon Hy vir ons sondes betaal. Ja, daarom kan Hy nou ons Middelaar en ons Hoof wees. Wanneer 'n mens die twee fokusgedeeltes vergelyk, besef jy dat die Here Jesus self die ver-vulling is van dit wat Daniël gesien het.

Dis voor sy hemelvaart dat Hy in Matteus 28 aankondig dat alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee is en dat Hy met sy kerk sal wees al die dae! Wanneer ons terugkyk oor 'n onstuimige en ontstellende jaar, vol oorloë en bloedvergieting en hartseer word ons tog getroos. Alle mag in die hemel en op die aarde is aan die Seun van die mens gegee.

Met elke jaar wat verbygaan, weet ons dat die wederkoms van ons Hoof ook al hoe nader kom. Dat die tyd naderkom dat alle heerskappy gegee sal word aan die volk van God wie se Hoof die Seun van die mens is.

Psalm 68:1 (1936)

Ds. RA (Ronald) Bain (Potchefstroom)